# Koronavirus in Afrika

Alhoewel, China vroeg as die grootste risiko vir die oorsprong van die verspreiding van covid-19 in Afrika beskou was, was die meeste ingevoerde gevalle aanvanklik op die vasteland aan Europa toegeskryf.[135]

## Suid-Afrika

*Die hoofartikel vir hierdie afdeling is: Covid-19-pandemie in Suid-Afrika.*

President Cyril Ramaphosa het op 27 Februarie 2020 aangekondig dat Suid-Afrika minstens 132 Suid-Afrikaners sal ontruim uit Wuhan, die episentrum van die koronavirus-uitbraak in China. Hy het gesê dat die regering beraam het dat daar 199 Suid-Afrikaners in Wuhan is, van wie 132 op hierdie stadium besluit het om terug te keer. "Hierdie landgenote leef tans onder inperkingsmaatreëls na die uitbreek van die koronavirus", het hy gesê en bygevoeg dat geen van die Suid-Afrikaners, blykbaar meestal studente, met die virus gediagnoseer is nie en ook nie enige simptome daarvan toon nie.[136] 'n Groep van 114 Suid-Afrikaners wat gerepatrieer is uit Wuhan, China, die episentrum van die covid-19-uitbraak, het op 14 Maart 2020 in Polokwane aangekom. Die groep het in die Protea Hotel se The Ranch Resort gebly waar hulle in kwarantyn gehou is vir 21 dae.[137] Die hele groep is weereens getoets en as veilig verklaar op 29 Maart, waarna hulle vrygestel is om te vertrek na hulle onderskeie families tuis.

Twee Suid-Afrikaners wat op 'n vaartuig in Japan gewerk het, het positief getoets vir die koronavirus, het die ministerie van gesondheid in Pretoria op 28 Februarie 2020 bevestig. Hulle was deel van 'n groep van 12 Suid-Afrikaners wat op die *Princess Diamond*-skip gewerk het, en was nog in Japan.[138]

Die eerste bevestigde geval van die covid-19-siekte is op 4 Maart 2020 in Suid-Afrika aangemeld. Zweli Mkhize, minister van gesondheid het verklaar dat die Nasionale Instituut vir Aanmeldbare Siektes (NICD) bevestig het dat 'n man van KwaZulu-Natal positief getoets is ná 'n besoek aan Italië.[139]

Op 7 Maart 2020 het die minister van gesondheid die tweede covid-19-geval in Suid-Afrika bevestig. Die 39-jarige vrou uit Gauteng was in direkte kontak met die eerste bevestigde geval van die covid-19-siekte in KwaZulu-Natal. Sy was deel van die groep van tien wat na Italië gereis het. Mkhize het ook bevestig dat 'n 39-jarige man wat in Daegu, Suid-Korea werk, ook positief getoets het vir covid-19. Hy sou na Suid-Afrika terugkeer, maar het sedertdien in Suid-Korea gebly.[140]

Op 15 Maart 2020 het President Cyril Ramaphosa ‘n nasionale ramptoestand afgekondig om ‘n gekoördineerde en geïntegreerde rampbestuurstelsel te implementeer. Dit sal help om die virusuitbreking te bestuur en die regering in staat stel om nooddiensentrums op te laat rig. 'n Reisverbod is verder ingestel vanaf 18 Maart 2020 op reisigers van Italië, Iran, Suid-Korea, Spanje, Duitsland, die VSA, die Verenigde Koninkryk en China.[141]

President Ramaphosa het op 23 Maart aangekondig dat die regering 'n algehele nasionale inperking (*lockdown*) vir 21 dae instel vanaf middernag op 26 Maart. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) is ook ontplooi om die polisie en ander staatsdepartemente by te staan in die toepassing van die afsluiting.[142] Almal moet binnenshuis bly, behalwe werkers in die noodsaaklike dienste, aan wie permitte uitgereik is vir sodanige werk. Die nasionale staat van inperking is tot 30 April verleng.[143] Op 10 April, het Mkhize aanbeveel dat die algemene publiek gesigsmaskers gebruik in publieke areas.[144]

In April was die polisie en weermag se gelyktydige padblokkades in al die provinsies daarop gemik om ontduikers van die inperkingsmaatreëls te identifiseer.[145] By die blokkade van die M1-hoofweg in Johannesburg is daar gelet op die geldigheid van reis- en noodsaaklike werkspermitte, en die vervoer van verbode goedere.

Op 12 Julie 2020 het die president aangekondig dat die nasionale ramptoestand verleng sal word tot 15 Augustus 2020. ‘n Drankverbod het weer onmiddelik in werking getree en 'n aandklokreël het tussen 22h00 en 04h00 gegeld. Die dra van lapgesigsmaskers was verpligtend en regulasies in dié verband is verskerp en afgedwing. Parke is oopgestel vir oefening, maar nie vir byeenkomste van enige aard nie.[146] Die beperkings was vanaf 17 Augustus 2020 verlaag tot waarskuwingsvlak 2.[147] Op 16 September 2020 het die president aangekondig dat Suid-Afrika se covid-19-regulasies vanaf 20 September na vlak 1 verlaag word, en meeste alledaagse aktiwiteite sodoende hervat kan word.[148] Die covid-19 regulasies is egter op 29 Desember 2020 van 'n aangepaste vlak 1 tot 'n aangepaste vlak 3 verskerp, weens 'n toename in infeksies.[149]

Bron: Wikipedia